Maandag **3 Junie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 31:1-11**
**Fokusgedeelte : Eksodus 31:2, 3, 6**
**Die Heilige Gees gee bekwaamheid**

Dit is die Gees wat wysheid en verstand, kennis en bekwaamheid, vaardigheid en toewyding in sy algemene genade aan gelowiges en aan ongelowiges gee. Daarom kon Besaleël en Oholiab met hulle besondere gawes gebruik word om die tabernakel te bou en Hiram om die tempel te bou (1 Kon. 7:14). Deur God se algemene genade gee Hy deur die Gees gawes aan ongelowiges. 'n Voorbeeld vind ons by Kores, die heidense vors, koning van die Perse, dat hy tot diens aan die HERE geroep is (Jes. 45:1-7). Hierdie genadewerking van die Gees beteken egter nie dat Hy mense daardeur outomaties tot verlossing in Christus lei nie.

Die gemeente is die liggaam van Christus en daar moet oor daardie liggaam beheer uitgeoefen word. Die gemeente moet bestuur en versorg word. Daar is leiding en diens nodig. Die kerk kan byvoorbeeld goed sonder die gawe om wonders te doen, klaarkom, maar nie sonder die charismata (gawes) van die regte prediking, goeie administrasie of barmhartigheidsbetoning nie.

Met betrekking tot die geestelike gawes is daar 'n opdrag wat tot elke gelowige kom. Hy/sy moet oorweeg wat by sy/haar aard, sy/haar bevattingsvermoë en roeping pas. Dit is opmerklik dat Calvyn met die gawes van die Gees aansluit by die natuurlike moontlikhede wat God aan die gelowige geskenk het. Calvyn neem by die vasstelling van iemand se gawes die natuurlike aanleg, 'n bepaalde opleiding en 'n bepaalde roeping as uitgangspunt. Daar moet wel iets bykom. Ons moet nie dink dat 'n aangebore talent, 'n bepaalde vaardigheid of kapasiteit of 'n persoonlike begaafdheid outomaties as 'n charisma beskou kan word nie. In baie gevalle bly dit natuurlike gawes. Hulle word charismata wanneer die Heilige Gees daarop beslag lê, dit in sy diens neem. Wanneer die persoon met Christus gekruisig is, geheilig is tot diens in die koninkryk van God, dan kan selfs talente gawes van die Gees word.

Jy is deur God geplaas in 'n gemeente met jou talente en gawes. Ons moet vir onsself vra: "Waar het die Here my in sy gemeente 'n plek gegee en waar wil Hy my gebruik?"

*Sing: Psalm 72-1:1; Skrifberyming 15-1:2 (Skb 72)*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*